



Verwysing: 20210413-2184

Lêerno: 12/2/10/5

Navrae: V. Nyalashe

Navorsingsminuut: 0001/2021

Aan: Prinsipale van alle onafhanklike skole

Onderwerp: WKOD se sistemiese toetse in onafhanklike skole in 2021

1. Die Wes-Kaap Onderwysdepartement (WKOD) het sedert 2002 sistemiese toetse in Taal en Wiskunde vir graad 3- en 6-leerders afgeneem. Die program is in 2010 na graad 9 uitgebrei. Die uitslae help skole om dele wat verbetering verg, te identifiseer, en die WKOD om vas te stel watter dele van die kurrikulum bykomende ondersteuning benodig.
2. Onafhanklike skole is vanaf 2010 genooi om aan die toetsprogram deel te neem.
3. Dit is 'n **vereiste dat gesubsidieerde onafhanklike skole deelneem** terwyl niegesubsidieerde onafhanklike skole op uitnodiging deelneem.
4. Hierdie minuut dien as 'n formele uitnodiging aan alle niegesubsidieerde onafhanklike skole met meer as tien leerders in graad 3, 6 en 9 elk, om aan die WKOD se sistemiese toetsprogram vir 2021 deel te neem.
5. Toetse sal deur onafhanklike diensverskaffers wat deur die WKOD aangestel is, afgeneem word.
6. U aandag word op die volgende besonderhede vir die 2021-toetse gevestig:
 - Toetsing sal vanaf **13 Oktober tot 28 Oktober 2021** plaasvind.
 - U skool sal 'n kennisgewingsbrief oor die toetsdatum van die WKOD ontvang.
 - Toetse sal vir een dag per skool gereël word.
 - Graad 3-leerders sal in die taal van leer en onderrig (TLO) van die skool (Engels, Afrikaans of Xhosa) en Wiskunde getoets word.

- Graad 6- en 9-leerders sal in die TLO van die skool (Engels of Afrikaans) en Wiskunde getoets word.
 - Die slaagpunt vir alle toetse is 50%.
 - Skoolverslae sal aan alle skole uitgereik word.
 - Vul asseblief die aangehegte vorm in indien u skool belangstel om deel te neem en stuur dit **teen 28 Mei 2021** na mnr. Vumile Nyalashe by faksnommer 086 555 3955 of per e-pos aan [yumile.nyalashe@westerncape.gov.za](mailto:vumile.nyalashe@westerncape.gov.za) .
 - Maak ook seker dat die besonderhede van alle leerders in graad 3, 6 en 9 **teen 30 Julie 2021** vasgelê is.
7. Die WKOD sien uit na die deelname van niegesubsidieerde onafhanklike skole in 2021 aan die WKOD se sistemiese toetse vir graad 3, 6 en 9.

GETEKEN: B WALTERS

HOOF: ONDERWYS

DATUM:2021-05-03

Naam van skool													
OBIS-no.													
Is die leerderinligting op SOBIS vasgelê?								JA		NEE			
Het die skool sy kits- en jaarlikse opnames vir 2021 afgehandel en aan die WKOD gestuur?								JA		NEE			
Indien u skool gaan deelneem, dui asseblief die grade aan wat aan die toetse gaan deelneem deur die toepaslike blokkie af te merk.													
Graad 3			Graad 6			Graad 9							
INLIGTING VERLANG					Graad 3	Graad 6	Graad 9						
Getal klasse													
Getal leerders													
Getal leerders met Afrikaans as TLO													
Getal leerders met Engels as TLO													
Getal leerders met Xhosa as TLO													

.....
Handtekening van prinsipaal

Datum:

Stuur asseblief die ingevulde vorm terug na Vumile Nyalashe by faksnommer 086 555 3955 of per e-pos aan vumile.nyalashe@westerncape.gov.za of skakel telefoonnommer 021 467 9350.